# Bybelse Gebede

## Deel 3 – Dawid se Gebed

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Sien jy jouself as 'n leier? Waarop baseer jy jou antwoord? Hoe vergelyk dit met die stelling dat leierskap invloed is?**

**Watter invloed het skuldgevoel op mense se emosies, verhoudings met ander, selfvertroue en hul verhouding met God?**

**Dink jy daar is 'n verskil hoe die Heilige Gees sonde in ons lewe uitwys en hoe die duiwel skuldgevoel skep in ons lewe? Wat dink jy is die verskil? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Jakobus 1:13-16. Hoe verduidelik Jakobus die proses of die pad van sonde? Hoe het jy dit al in jou eie lewe beleef?**

**Openbaring 12:10 en Romeine 8:33. Wat doen die duiwel en wat doen God volgens hierdie verse? Hoekom is dit belangrik om te weet wat die verskil is? Wie is die bron van skuldgevoel? Wie is die bron van vryspraak?**

**Lees Kolossense 2:14 en Romeine 8:1 in verskeie vertalings. Wat het Jesus met ons lys van sonde en skuld gedoen? Hoekom is dit belangrik om hierdie waarheid in jou hart as Christen vas te maak?**

**2 Korintiërs 5:21. Wat beteken dit om vrygespreek te wees of om die regverdigmaking van Jesus te ontvang?**

**Spreuke 28:13; Miga 7:18-19 en Psalm 103:12. Wat doen God met ons sonde as ons dit bely?**

**Oor wat voel jy tans skuldig? Bid die gebed van Dawid in Psalm 51 tot God in opregtheid en lê jou sonde voor Hom neer.**

**Besluit watter een van die verse wat julle bestudeer het, julle dalk saam as 'n groep moet memoriseer sodat die waarheid daarin vervat in hulle harte vasgelê kan word.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**